BITTERFONTEIN

Finalis: ATKV 2022-kompetisie

- 2022 -

deur

Corlia Fourie

Geen gedeelte van hierdie teks mag sonder die skriftelike verlof van die skrywer/kopiereghouer gereproduseer of opgevoer word nie. Reproduksie sluit in enige vorm weergegee deur enige elektroniese of meganiese middel, hetsy deur fotokopiëring, skyf-, band- of stemopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

Kopiereghouer en houer van opvoerregte:

Corlia Fourie (e-posadres: corliafourie3@gmail.com)

Titel: **Bitterfontein**

Deur Corlia Fourie

Rolverdeling:

Drie susters in of naby die veertig:

Amanda, verontreg en ergerlik;

Christa, selfvertroue as akteur, maar soek krukke in die gewone lewe;

Beauty, die aangenome suster, opofferend, met ‘n sin vir ironie.

Anelle (18) Amanda se dogter, ondersoekend en nuuskierig.

Piet (twintigerjare) ‘n boef – nie alte intelligent nie.

Hartjie van die Karoo. Laatmiddag. Sitkamer van eensame plaashuis. Middel links is ‘n deur na die kombuis en regs voor die voordeur. Die sitkamer is eenvoudig en met “outydse” meubels soos’n groot ouerige rusbank (in die middel van die verhoog) met daarvoor ‘n koffietafel met bal-en-klou pote, ‘n gemakstoel links voor. Teen die linkermuur voor die kombuisdeur is ‘n kas met laaie met ‘n gehekelde lappie bo-op en daarop ‘n waterkraffie, daarlangs ‘n paar glase en ‘n klip. Regs, feitlik langs die voordeur is ‘n geelhoutkis met ‘n ouerige telefoon. Teen die muur aan weerskante van die venster (agter) is foto’s van voorouers, ‘n glimlaglose oupa en ouma. Daar is ook ‘n kluis in die muur agter die kas met die gehekelde lappie. Daar is ‘n mat voor op die verhoog, regoor die voordeur.

Amanda, Christa en Beauty staan met hul rue half na die gehoor by ‘n venster (agter) en uitkyk. Geluid van motor wat wegtrek. Christa en Beauty waai. Anelle sit op die bank met ‘n tekenboek en ‘n kunspotlood. Sy is besig om die geelhoutkis of iets anders in die sitkamer te teken. Daar staan ‘n skinkbord en teekoppies, ‘n teepot, melkpot en suiker – almal het pas tee gedrink.

Al vier die vroue was by ‘n verassingsdiens en hulle is stemmig aangetrek, Anelle in wit. Hul handsakke staan nog rond in die vertrek.

(Sodra die motor se geluid weggekwyn het, draai Christa, Amanda -met die testament in haar hand - en Beauty heeltemal na die gehoor.)

Christa (skop haar skoene uit, wikkel haar tone): Sjoe, heerlik om my tone bietjie asem te gee.

Amanda (geamuseerd): Skoene nog steeds vir jou ‘n kwelling?

Christa: En hoe. Ek loop al die hele dag met dié goed (raak met haar voet aan haar uitgeskopte skoen) in dié blerrie hitte ... Gaaf van oom Dewald om al die pad van Fraserburg af te ry om die testament te kom lees.

Amanda (Sit die testament op die geelhoutkis): Eintlik is ek heeltemal te verstom om nou iets daaroor te sê.

Christa**:** Ja, dink eers voor jy iets sê.

(Amanda maak ‘n ergerlike gebaar.)

Beauty: Anelle, Jy teken nou al aanmekaar vandat julle eergister hier aangekom het.

Anelle (effense Nieu-Seelandse Engelse aksent): Ek wil die hele huis en al die ou meubels teken. Alles, alles is so mooi en oud en amazing ... en dan wil ek buite gaan teken. Alles is so anders hier, so baie rots en klip met allerhande kleure ... En ‘n blou-blou lug ...

Beauty: Ai, alles is nou so vaal ...so droog en lelik....

Anelle: Vir my pragtig, rêrig amazing.

Beauty: Ek het gehoor Nieu-Seeland is baie groen.

Anelle: Eenders groen.

Amanda: Vir my is Nieu-Seeland rerig baie mooi... sag op die oog.

Anelle: Sag op die oog... en boring.

Amanda: Nooit, wat van al die verskillende strande en woude en berge. Ek haat dié vaal... dís eentonig.

Christa: Is maar net die droogte wat alles so uitgebleik het.

Amanda: Ja, ek het wraggies nog nooit die veld so droog gesien nie.

Anelle (waai in Christa se rigting): Staan bietjie soontoe, tannie Christa.

Christa: Ek dink net nie dié tafeltjie staan op die regte plek nie. (Stoot dit ‘n paar tree weg.) Wat ‘tannie’ jy my aanmekaar, Anelle. Ek voel nie soos ‘n tannie nie. Sê vir my Christa soos almal anders... selfs die akteurs so jonk soos jy... en al die ou ooms en tannies wat dink hulle ken my oor ek in ‘n paar sepies was.

Anelle: Ja, maar jy is tog my tannie. Dit voel net vreemd om vir jou op jou naam te noem, maar ek sal probeer...

Christa (lag): Probeer jou bes.

Amanda: Wat ek wil weet, Beauty, is hoe het jy dit reggekry?

Christa: (onderlangs) Oeps, nie lank genoeg gedink nie.

Beauty: Ekskuus?

Amanda: Die testament ... dat Ma die plaas aan jou bemaak het?

Beauty: Ee... Ek is die enigste van ons drie wat in die boerdery belang gestel het.

Christa (ongeërg): En sy het Ma opgepas ...maar die huis self bly myne en joune so lank ons lewe.

Amanda: Kon maar gelos het ... Ek moet van Auckland in Nieu-Seeland af Kaap toe vlieg en dan ‘n motor huur en so 300 kilometer ry na die blerrie haai Karoo ... Om wat te maak?

Beauty: Om jou kop skoon te kry ... soos Christa.

Amanda (suur): My kop is skoon genoeg, dankie.

Anelle: Ek gaan for sure ook my kop hier kom skoonmaak.

Amanda: Jy moet eers net aan jou swottings dink.

Anelle: Mummy, dis al waaraan ek dink. (Wys vir die vroue die tekening.) Hoe lyk dit?

Amanda: Stunning.

Christa: Pragtig.

Beauty: So mooi Anelle, maar toe jy ‘n klein dogtertjie was, het ek geweet jy gaan eendag ‘n skilder word.

Anelle: Ek kan onthou dat ek altyd wou teken, maar ek kan nie rêrig dié huis onthou nie ... ek was seker so drie of vier toe ek laas hier was.

Amanda: Vyf en jy wou die hele dag net in die plaasdam swem.

Beauty: Al het haar vingers oumensfrummels gemaak, wou sy nie uitklim nie.

Christa: Gaan julle more-oggend vroeg saam met my swem?

Anelle: For sure.

Amanda: Ek is ook in... al het ek nie swemklere saamgebring nie. My bra en panty sal net moet doen.

Beauty: Die dam is leeg.

Christa (ontsteld): Leeg? Hoegenaamd niks meer water nie.

Beauty: Slik ... modder ...

Christa: Maar die fontein wat die dam voed, het mos nog nooit opgedroog nie ...

Beauty: Daar is nog net ‘n groen kolletjie gras waar die fontein eens was.

Christa**:** Nooit! Grootfontein, Kleinfontein, Leeufontein, Dwarsfontein ... almal van hulle was al droog, maar nie Bitterfontein nie...

(Beauty trek haar skouers op.)

Christa: Wat van die skaap?

Beauty: Gift of the Givers en Afriforum het water en voer aangery ... maar dis ook amper weer op.

Christa: Sjoe, nie geweet dis so kritiek nie... Ons moes meer water saamgebring het.

Amanda: Die kar was al klaar so vol. Ons sou nie nog ‘n bottel kon inkry nie.

Anelle (lag): As daar ‘n ongeluk was, het ons almal verdrink.

Christa (lag ook, onthou dan...):Waar is Silas? Hom nog nie met ‘n oog gesien nie.

Beauty: Hy ry transport tussen Calvinia en die Kaap...

Christa: Transport?

Beauty: Om geld te kry vir voer ...vir die skaap...

Christa: My moer. Sien jy hom ooit?

Beauty: Hy maak vanaand vir eers klaar. Sal more plaas toe kom. Hy was baie hartseer dat hy nie vanoggend vir die Ounooi... Ma... se begrafnis... verassing... hier kon wees nie.

(Christa gee vir Beauty ‘n drukkie.)

Christa: As ons die as gaan strooi, kan hy wel saamgaan.

Amanda: Wanneer gaan ons ... dit kry?

Christa: Oor ‘n week moet ek dit by Afbob gaan haal. Dis waarom ek jou en Anelle se vliegkaartjies eers vir die week daarna bespreek het.

Amanda: Waar gaan ons dit uitgooi... strooi?

Christa: Op die koppie... dis hoe Ma dit wou hê.

Amanda: Voor ons weg is, het sy vir my gesê sy wil naby die Sakrivier begrawe word.

Beauty: Maar later was dit net die plaas.

Amanda: Is net vir my vreemd dat sy nie in die familiebegraafplaas begrawe wou word nie.

Christa: Dis al so verwaarloos, en ons het Pa se as op die koppie uitgestrooi, onthou julle nog hoe moeilik Ma die koppie uitgeklim het ... maar sy wou dit nie anders hê nie... En wat was die werkers wat saam geklim het se name nou weer.. Windvogel en Goliat?

Beauty: Ja, en Sanna ook. Al drie van hulle ook saliger.

Christa: Goliat ook? Ek het gedink hy is nog op die plaas?

Beauty**:** Laas jaar al heen. Ai.

Christa: Is daar dan nog net Oortjies en Lappies om jou te help?

Beauty: Ons moes hulle albei laat gaan. Eers Lappies toe Oortjies en ek was omtrent stukkend want Oortjies het ‘n vrou en kind. Maar wat kan jy doen as daar nie geld is nie ... nie geld of skaap nie.

Christa: Hoeveel skaap is oor?

Beauty: Minder as ‘n derde van die kudde, ...ai, byna elke dag sien jy iewers nog ‘n gevrekte skaap. Daarom bid ek elke aand ... en elke oggend vir reën... En sommer dwarsdeur die dag ook.

Amanda: O, nou weet ek wat hier vir my so vreemd gevoel het.

Beauty: Wat?

Amanda: Voëls, hier is nie meer voëls nie. Toe ons kinders was, het die trekganse elke skemer hierheen geswerm en gister was daar niks en vanaand is dit ook stil. Elke oggend is ons wakker lawaai deur die voëls ..en vanoggend was daar net een enkele duif ... omtrent nes Nieu-Seeland.

Christa: Is daar dan nie voëls in Nieu-Seeland nie?

Amanda: Baie min waar ons in Auckland woon. In hulle pragtige woude hou ek stil en klim uit... en dan is dit dood-, doodstil. Buiten die familie, is dit al wat ek rerig daar mis. Die voëls en die diere.

Anelle: So, Mummy, jy het Afrikaans ook gemis...

Amanda: Maar nou luister ek RSG op die Internet en ek lees Afrikaanse boeke en ek het twee Afrikaanse vriendinne – en een van hulle nogal my kammie op universiteit...

Christa: Jitte, is Rita dan ook in Nieu-Seeland?

Amanda: Ja, lankal al. Dis omdat jy so min op Facebook is dat jy dit nie weet nie. En ons drie Afrikaanses praat ‘n hond uit ‘n bos uit. En mens koop biltong, droëwors, koeksusters, Missus Balls en rooibostee by die Saterdagmark ... daar is min Suid-Afrikaanse goed wat jy nie daar kan kry nie.

Beauty (Skud haar kop en dis moelik om te sê of sy ernstig is of spot): Jy gaan na ‘n ander land om koeksisters en Missus Balls te koop? ... Nog iemand vir tee?

Amanda: Nee dankie.

Anelle**:** Sjoe, nee, dis te warm.

Christa: So ‘n halfkoppie ... met ‘n bietjie melk. Warm tee koel mens glo af op ‘n hittige dag.

(Beauty skink die tee. Gee vir Christa aan.)

Christa: Dankie.

(Beauty begin dan om die koppies saam met die teepot en ander teegerei op die skinkbord te pak)

Anelle: Ek bly dors. (Gaan na die waterkraffie op die kas. Skink water.) Julle, die water is nog steeds koel. Hoe's dit moontlik?

Beauty: Ek het die kraffie vol ysblokkies gemaak.

Anelle (tel die klip langs die kraffie op.): Eksentriek. 'n klip as versiering in die sitkamer.

Beauty: Ja, maar dis 'n besonderse klip.

Anelle (Bekyk die klip): Hoe so?

Beauty: Dis Chris wat die klip so besonders gemaak het.

Anelle: Vertel, tannie ... Christa.

Christa: Ek, jou ma en Beauty het kleintyd klip gegooi na teikens.

Anelle: (lag) No way.

Amanda: Wel ons het nie selfone en elektroniese speletjies gehad nie.

Christa: Ook nie baie poppe of sulke goed nie.

Amanda: Ek het darem 'n teestelletjie gehad... (Aan Christa) wat jy gebreek het.

Christa: Ek was nog klein, seker net so vier, vyf jaar oud.

Amanda: En alreeds wild. Ek was agt. (Lag) En stroopsoet.

Christa (Lag ook): ‘n Prim en proper agt. Wel toe gooi ek en ek weet tot vandag toe nog nie hoe dit gebeur het nie, maar Amanda se kop was skielik in die pad en toe tref daai klip haar teen die agterkop.

Anelle: Sjoe, maar julle was regte juvenile delinquents ... wille meisies.

Amanda: Ek onthou nie rerig die klip teen my kop nie, net dat toe ek my oë oopmaak ek op die grond lê.

Beauty: Ek het soos die wind huis toe gehardloop.

Christa: Amanda het bly lê of sy dood is en daar was bloed op die grond. En toe ek weer sien, is my ma by Amanda en Pa by my en ek kry die loesing van ‘n leeftyd. Ek onthou hoe verskrik ek was, want tot op daardie dag het geen grootmens nog hul hand teen my opgelig nie.

Beauty: Tot daardie dag was daar geen ongeluk met klipgooi nie.

Anelle: En daarna is julle dit seker verbied.

Amanda: Snaaks genoeg nie, maar daarna was daar baie reëls soos dat niemand mag gooi voordat die vorige gooier nie haar klip opgetel het en weer terug is agter die lyn nie.

Christa: Dit was waarskynlik die klipepisode wat daarvoor verantwoordelik was dat ek ‘n aktrise geword het.

Amanda: Hoe so?

Christa: Daai warrelwind wat skielik op my toegesak het toe jy raak gegooi is, daai verskrikking omdat ek niks daarvan verwag het nie, daai verskriklike pak slae... ek dink dit het baie daartoe bygedra dat ek ‘n teks wil hê... eintlik is die plek waar ek op my heel gemaklikste voel ...die verhoog.

Amanda: Sjoe, nee, elke keer as ek in ‘n skooltoneelstuk was, was ek so selfbewus ... ek het so duidelik geweet ek is Amanda wat maak of ek iemand anders is, nee...

Anelle: Ek was nog nooit eens in enige konsert op skool nie...(Sit die klip terug langs die kraffie) Beauty, pretty please, sluit vir my die kluis oop ... toe ek wil my juwele sien.

Beauty: Haal net die kraffie - en die ander goed - af, ek moet die kas skuif.

(Anelle maak so.)

(Beauty skuif die kas ‘n bietjie weg en ontbloot ‘n kluis. Sy druk die kombinasie en maak oop. Sy haal ‘n juweelkissie uit, gee vir Anelle. Anelle bewonder eers die kissie voordat sy dit oopmaak.)

Anelle: Sjoe die kissie is so amazing, waar kom dit vandaan?

Amanda: Ek dink ‘n neef van Pa het dit op St Helena gemaak. Christa?

Christa: Ek weet rêrig nie.

Anelle: Die eiland, St Helena, waar Napoleon imprisoned was?

Amanda: Ja, die einste, soos my ouma sou sê. Dit was tydens die Anglo-Boere-oorlog toe die oom gevang en as Britse gevangene op die eiland aangehou is.

Anelle: Wat was sy naam? Eben? (Wys) Kyk hier onder het hy sy naam uitgekrap.

Amanda**:** Eben? Ek het nie ‘n oom Eben geken nie? Jy Christa?

Christa: Nee, ek ook nie.

(Christa gaan na die kluis, haal ‘n pistool uit, bekyk dit.)

Christa: Nog dieselfde pistool. Dit moet seker al veertig, vyftig jaar oud wees. Werk dit nog?

Beauty: Versigtig, dis gelaai.

Christa**:** Toemaar die veiligheidsklep is op. Amanda, onthou jy nog hoe pa vir ons laat oefen het?

Amanda: Ek kon nooit regtig goed geskiet het nie, maar jy het altyd die teiken raakgeskiet.

Christa: Ja, ek het nogal, né.

Beauty: Jy was ‘n kampioen, Chris. Maar Amanda, jy het darem baie beter as ek geskiet. Ek was so bang vir daai KNAL wat die ding maak ....dat ek dit nooit goed kon vashou nie. Ek het aanmekaar gebewe as ek net aan skiet gedink het. Ai.

Anelle: So al wat vreemd is – as mens na julle luister – is dat ek Mummy vir skietlesse gevra en sy dit geweier het. She said no immediately.

Amanda: Ander tye en ‘n ander land.

Anelle: But quite a few of my friends...

Amanda: Die antwoord bly nee, Anelle. Dis ‘n vreedsame eiland, buiten nou vir daai vreeslike insident toe daai mal Australiër...

Anelle: Brenton Tarrant van Grafton in New South Wales...

Amanda: Ja, toe hy daai klomp mense in die twee moskees in Christchurch doodgeskiet het.

Anell**e**: Een en vyftig. Een en vyftig mense is doodgeskiet, Mummy. Is daar in die laaste tien... of twintig jaar ... soveel mense op een slag in Suid-Afrika doodgeskiet, tan... Christa?

Christa: Nee, maar daar word elke dag mense vermoor, op plase, dorpe, in die stede ... (Christa gee die pistool aan Beauty wat dit versigtig terugsit in die kluis. Net toe Beauty die kluis wil toemaak ...) Wag, Beauty. (Sy haal nog ‘n houtkissie uit die kluis.) Pa-se-kissie. Nie geweet dit bestaan nog nie.

Beauty: Die Ounooi het gesê dis vir jou en Amanda, ná haar dood.

Christa (maak die kissie oop. Haar mond val oop.): Hier is so wraggies goue munte in.

Amanda: Krügermunte?

Christa: (Lag) Nee, gewones...

Beauty: Jou pa het dit vir jou ma gelos ... vir as daar nood is ... maar sy het gesê dis vir julle ná haar dood.

Christa: Ses goue munte... drie vir elkeen van ons, Amanda.

Amanda: Hoeveel sal dit werd wees?

Christa (Trek haar skouers op): Ons sal by oom Dewald moet uitvind.

Amanda: Die plaas sal in elk geval baie meer werd wees.

Anelle (neem ‘n borsspeld uit haar kissie.) O dis so mooi, ‘n chorall borsspeld. (Sy hou dit teen die lig.)

Amanda (suur.): Darem iemand wat bly is oor haar erfenis.

Christa: Pa se Switserse knipmes. Dis mýne. (Sy steek dit in haar sak.)

Amanda (Aan Christa wat nog in die kissie rondkrap.): Gaan jy hierna nog hierheen kom?

Christa: Ja, Amanda, ek sal virseker ... so elke drie maande ...

Amanda: Hoekom?

Christa: Soos Beauty sê: Om my kop skoon te kry. Om te skryf, ek is juis nou weer besig met ‘n eenvrou-produksie. Jy weet mos ek voel net gemaklik as ek iemand anders is... (Lag) speel... Dis op die verhoog dat ek waar voel... so asof ek ek is, iemand is ... So ek moet hierheen kom, net om die geraas uit my kop te kry. (Haal ‘n bril uit, sit dit op.) Pa-se-bril, hoekom sou hy dit vir ons wou los?

Amanda: (Lag) Eerder sy bril as sy tande.

Beauty:...om beter te kan sien, my kind.

Anelle: Sodra ek klaar geswot het, gaan ek ook hierheen kom. Ek het vanoggend vroeg lekker ver in die veld gestap. Amazing, die vars skoon lug. (aan Christa) En ek wil vanmiddag saam met Ta... jou die koppie uitklim. Ek het ‘n paar sms’e om te stuur.

Christa: Bietjie later,wanneer dit koeler is.

Anelle: Ek wil vir die Kiwis vertel hoe amazing die nagte hier is - not one cloud in the sky ...sodat jy die sterre kan sien. Nooit geweet sterre kan so naby wees soos Kersliggies aan die Kersboom nie. ...

Christa**:** Maar daar is tog ook sterre in Nieu-Seeland?

Amanda: Die hele eiland is gewoonlik met wolke bedek ...

Beauty: Ai ... maar ek sal nie omgee vir ‘n paar wolke nie...

Christa: Ek sal nie weet hoe om sterlose nagte te oorleef nie.

Anelle: (lag) So, nadat ek dié magic gesien het, weet ek ook nie wat ek back in New Zeeland gaan doen nie.

Christa: (Grawe nog in die kissie) Pa se bekfluitjie ...

Amanda: Kan ek dit kry?

Christa: Ja, jy kon nogal ‘n wysie daarop uittoor.

(Amanda neem die bekfluitjie by Christa, klad dit op haar oop hand en gee ‘n paar trekke.)

Anelle (lag): Nie geweet Mummy het soveel geheime talente nie.

Christa: Foto’s van pa as kind, Ma en Pa se troufoto’s. Goeie hemel, kyk net die hare en die rok. (Gee vir Amanda aan) en hier is ek en jy en Beauty toe ons seker so oud was soos met die klipgooi-episode. En hier is ons op ‘n strand... Kan jy onthou watter strand Amanda?

Amanda: (Neem die foto) Dalk PE?

Christa: Ek sal nie weet nie, was nog te klein. (blaai vinnig deur die foto’s.) Ek sal later alles bekyk, ... ek wil eers sien wat Anelle gekry het ... of wil jy solank kyk Amanda?

Amanda: Ek wil ook eers Anelle se juwele sien.

(Christa sit die foto’s weer terug in die kissie, wil dit vir Beauty gee, bedink haarself.)

Christa: Ek gaan dit sommer in die geelhoutkis sit, dan hoef ons jou nie die hele tyd lastig te val nie, Beauty.

(Beauty knik en sy en Christa stoot die laaikas weer terug. Christa sit ‘haar’ kissie in die geelhoutkis. Anelle haal blou krale uit haar kissie, bewonder dit.)

Amanda: Onthou jy nog daai blou krale, Christa?

Christa (Gaan sit by Anelle op die bank): Ja, Ma het dit altyd Sondae kerk toe gedra.

(Beauty weer by die teegoed op die klein tafeltjie.)

Anelle: Beauty, kom ons kyk eers ... dan help ek jou.

Beauty: Ek het dit alles reeds gesien ...baie kere al ... julle ma wou elke paar weke daarna kyk...(Lag, effe sarkasties) Die mei.... ek bedoel, die baas van die plaas moet eers die skottelgoed gaan was. (Af)

Amanda: (gaan sit by Christa en Anelle, praat effe sagter) Ek is nog steeds nie oor die bliksimse skok dat Ma alles vir Beauty gelos het nie.

Christa: Alles? Daar is niks anders as die grond nie en daar is verbande op. Beauty en Silas boer nou seker al vir ses jaar alleen hier – van ná Ma se beroerte... en dan het Beauty Ma ook nog opgepas. Het jy nie geweet nie?

Amanda: Al wat ek weet, is wat jy my vertel het... En nee, jy het nie ‘n woord oor testamente of erfgoed gesê nie. Hoe moes ek raai?

Christa: Jammer, ek het opgeslip.

Amanda: Beauty het seker net so twee keer my briewe beantwoord ... en toe het sy ook net gesê dit gaan goed...

Christa: Ja, dis moeilik as familie so ver is. Jy het mos die verlate opstalle gesien toe ons hierheen gery het... jy het nog ‘n aanmerking daaroor gemaak...baie boere hier rond het bankrot gespeel, hulleself doodgeskiet of sommer net weggetrek. Bitterfontein is moontlik minder werd as die verbande daarop. Die plaas behoort eintlik aan die bank.

Amanda: My moer...

Anelle(lag): Pasop, ek gaan Ma se mond met Sunlightseep uitwas.

Amanda**:** Maar tog, Ma-hulle het vir Beauty ingeneem na haar pa en ma se dood en haar soos ‘n dogter behandel ... sy het selfs saam met ons aan tafel geëet en haar eie kamer in die huis gehad. Is dit nie genoeg nie?

Christa: Beauty het ook meer vir Ma gedoen as ek en jy saam ...

Amanda (Nog steeds nie heeltemal oortuig nie, trek haar skouers op): Ja, maar...

Christa: Wat?

Amanda: Nee... die hele ding is net vir my baie vreemd.

Christa: Wat vreemd is, is dat Ma en Pa Beauty min of meer soos ‘n (Maak aanhalingstekens in die lug) soos ‘n dogter behandel het en Beauty hulle nog steeds Oubaas en Ounooi genoem het... soos in daai boek *Amper Familie*. Sê soveel oor hoe ons ander mense in ons land behandel het.

Amanda: Die boek wat jy my vir Kersfees gestuur het.

Christa: Ja.

Amanda: (Bietjie skuldig): Ek het nog nie kans gehad om dit te lees nie.

Christa (trek haar skouers op.) : Mens kan ‘n skaap na die fontein lei, maar hom nie maak drink nie.

Anelle: Tannie... e... Christa, hoekom het jy nog nooit vir ons kom kuier nie?

Christa: Ek wou al ‘n paar keer, maar as vryskut kan jy net nie bekostig om nee te sê vir werk nie. Maar ná die produksie waarmee ek nou besig is, gaan ek beslis ‘n plan maak.

Amanda: Ons sal die rooi tapyt uitrol.

Anelle: Ja, vir seker ...Kyk tog net julle, ‘n string pêrels ... (byt daaraan, kyk weer.) Regte pêrels. Waar kom Ouma aan al dié mooi goed?

Amanda: Ma het alles gehou van al die voorgeslagte af en iewers was daar ‘n Russiese prinses ... of so het ons geglo...

Anelle: Is dit ‘n feit? ‘n Rus wat ook ‘n prinses was?

Christa: Sy was ‘n Rus, maar oor die mooi goed het ek en jou ma gedink sy moes ‘n prinses wees.

Amanda: Tant Lenie het altyd van haar as prinses Alexandra gepraat. Sy was met Oupa Human getroud ...

Christa: Is jy seker sy was ‘n Rus? So ver ek weet was Oupa Human met ‘n Jodin getroud.

Amanda: Dan was dit seker ‘n ander oupa.

Anelle: Ek gaan die familiegeskiedenis opswot. Ek wil alles weet. Daar is ‘n neef wat in St Helena ‘n prisoner was, ook ‘n Russiese prinses en ‘n Jood. En wat gaan nog alles uit die kas klim?

Christa (grap): Smokkelaars en sigeuners...

Anelle: Werklik (Sien Christa maak net ‘n grappie. Lag dan): Hoekom is die plaas se naam Bitterfontein? Was ons ancestors bitter mense?

Christa (lag): Hulle was dalk, almal lyk so streng op hulle foto’s, veral die vroue, maar ek dink hulle moes destyds almal ernstig lyk vir ‘n foto. Dié wat lag, was ligsinnig – en ligsinnigheid was ‘n doodsonde...

Anelle: ‘n Doodsonde?

Christa: Ja, ‘n mens moes tog net nie te hard of te uitbundig lag nie ... (ernstiger) maar die water in die fontein was rerig bitter ... ek dink nie hulle het dit metafories bedoel nie.

Amanda: Hulle was ‘n ongeletterde spul ... ek en Christa is die eerste geslag wat universiteit toe is...

Anelle (beduie na die geraamde foto's): Wie se foto's is dit? Oupa en Ouma s'n?

Amanda: Jou oumagrootjie en oupagrootjie: Anelle Maria Susanna van Tonder en Hermanus Petrus Gerhardus Human.

Anelle: Gelukkig het Mummy net vir my die eerste naam gegee.

Christa (staan op): Jou ma sou met my te doen gekry het as sy gewaag het om jou met so 'n klomp name op te saal. Ek gaan solank vir my ander skoene aantrek ... vir die koppie.

(Voetstappe buite, knarsend oor die los gruis van die tuinpaadjie. Dan oor die sementstoep. Die drie vroue kyk vraend na mekaar. Piet gooi die voordeur oop en bars in. Hy het 'n baadjie, hemp en jean aan. Hy het ook 'n rewolwer in 'n houer aan 'n gordel om sy middel wat die gehoor dalk nie dadelik kan sien nie. Hy lyk verwilderd en moeg. Daar is'n streep bloed aan sy voorkop.)

Christa: Wat de (sag) fok? (Harder) Klop jy nie?

Piet: Ek..ek... motorongeluk ... Hier onder by die draai...

Christa (aan Anelle wat die kissie met juwele toegeklap en dit onder die rusbank ingestoot het): Water... Anelle...

(Anelle skink water uit die kraffie op die kas. Neem dit vir Piet.)

Piet: Glad nie bitter nie.

Amanda: Kaapse water.

Piet (verward): Wat? Eee....

Christa: My naam is Christa, dis my suster Amanda en my niggie Anelle... Wie's jy?

Piet: Piet... Kan ek die telefoon gebruik?

Christa: Telefoon? (Kyk na die telefoon soos na ‘n ornament.) Hier is nie meer enige telefoondiens nie ... seker al vir agt jaar nie meer nie.

Piet (gaan toets nietemin die foon.): Shit, shit, shit. Ek het my selfoon verloor. Kan ek een van julle s’n ....

Christa: Mens moet die koppie uitklim as jy ‘n oproep wil maak.

Piet: Hê?

Amanda: Hier is geen sein by die huis nie.

Piet: Fok, wat is dit? Die einde van die aardbol?

Christa (lag): Mens kan seker so sê. Waar kom jy vandaan en waarheen is jy op pad, Piet?

Piet: Eee...Fraserburg ...

Christa: Waar jy vandaan kom of waarheen jy op pad is?

Piet (lyk nog meer verwilderd. Vee oor sy gesig.): Waar is die mans?

Christa: Die mans?

Amanda: Hier ... hier is ...

Christa (vinnig): Silas kom later vanaand.

(Amanda kyk na haar, verstaan dat sy bekommerd is.)

Amanda: Ja, Silas sal later ... nou enige tyd... hier wees.

(STILTE. Dis duidelik dat Piet haar nie glo nie.)

Anelle (neem die leë glas by Piet): Die wond aan jou kop... dit moet ontsmet word.

Piet: Nee, moenie bodder nie.

Christa: Lyk of jy dalk steke sal moet kry.

Amanda: Ja, vir seker...

Piet: Dis fokken niks nie. (Vee sy mond af. Dink.) Bediendes?

Christa: Nee, niemand nie.

Piet: Niemand nie? Ek is nie fokken stupid nie. Hier onder is ‘n nuutgeverfde volkshuisie.

Christa: Lappies en Oortjies het daar gebly ... maar hulle is weg, want hier is nie meer skaap of geld nie.

Piet: Daai huisie se deur staan oop.

Christa: Ons is besig om dit skoon te maak.

Piet (weet nie of hy hulle kan glo nie): ‘n Plaashuis sonder ‘n meid?

Christa: Hier is nie meide op Bitterfontein nie.

(Amanda beaam deur haar kop te knik.)

(Piet kyk hulle weer een vir een deur – nie seker of hy hulle kan glo nie.)

Piet: Wie doen dan die werk ... die huiswerk.

Christa: Ons. Wie anders? Kan ons jou iewers heen neem? Na ‘n dokter toe?

(Af, geluid van bord of so iets wat val.)

Piet: (skrik) Wie’s nog hier?

Christa: Beauty... die baas van die plaas.

Piet: Beauty! Beauty? (Woedend, pluk die pistool uit.) Dink jy jy is baie snaaks... ‘n meid wat die plaas besit?

Amanda (praat vinnig, bewerig): Ja, ons was net so verbaas ...vanmiddag eers die testament gehoor...

Piet (gemaakte lag, aan Anelle): Roep haar.

(Anelle staan nog.)

Piet (bars) Ek het gesê roep die blerrie meid.

(Anelle loop na die kombuisdeur.)

Piet (bars): Ek het nie gesê loop haal haar nie. Ek het gesê: Roep haar.

Anelle: Beauty (harder maar bewerig) Beauty!

Beauty: (af) Ja, watsit?

Anelle: (Roep) Beauty kom gou hier.

(Beauty op. Sy het ‘n voorskoot aan en droog haar hande daaraan af. Sien Piet en die pistool, skrik)

Beauty: My moer.

Christa: Hier is rerig nie geld nie ...

Amanda: Ook niks anders van waarde nie...

Piet: (kyk hulle weer een vir een deur, weet nie of hy hulle kan glo nie, dan): Maar daar is altyd *guns* by ‘n plaashuis ... waar’s die kluis?

Beauty: Hier is nie...

Piet: Crap... daar is áltyd ‘n kluis op ‘n plaas.

Christa: Maar die plaas is so ver van alles ...

Piet (vererg hom): Juis dáárom sal hier ‘n kluis wees.

Amanda (bewerig, maar skud haar kop beslis): Nee.

(Piet gryp Anelle vas. Druk die pistool teen haar kop.)

Piet: Ek gaan haar skiet as julle nie vinnig ‘n kluis kry nie.

Amanda: Beauty!

Beauty (onwillig): Niemand van ons ken die kombinasie om dit oop te maak nie.

Piet: Kak. Wil jy hê ek moet die meisiekind skiet? Waar is die fokken kluis?

Christa (gaan na die laaikas, skuif dit weg sodat jy die kluis kan sien):Beauty!

Piet: Maak oop. Ek sê maak fokken oop.

(Beauty bly staan. Piet ruk Anelle hardhandig en stamp die rewolwer nog harder teen haar kop.)

Christa: Beauty, die kombinasie...

Beauty (verskrik na die kluis): Ek ... ek kan nie onthou nie.

Piet: (bars) Onthou vinnig, anders skiet ek die meisiekind.

Amanda: Beauty!

(Christa staan weg.)

Beauty (onwillig): 42...61...

Piet: Nou maak oop. Waarvoor wag jy? Maak oop en staan weg ...

(Beauty tik die kombinasie in, maar sy is senuagtig en het blykbaar die verkeerde nommer ingetik, want die kluis bly toe.)

Beauty: Ai, ek weet nie wat gaan nou aan nie.

Piet: Moenie met my neuk nie. MAAK OOP.

Christa: Bly net kalm, Beauty, jou vinger het seker net geglip.

(Beauty druk weer die kombinasie. Die kluis se deur ontsluit. Beauty maak dit oop. Sy huiwer ‘n oomblik, staan dan weg.)

Piet (grynslag toe hy die pistool sien. Hy los Anelle. Hy haal die pistool uit die kluis. Kyk daarna. Voel in die kluis of daar nog iets is): Sit julle almal daar oorkant ... right, ek soek almal se selfone... (aan Anelle) kry vir my die selfone.

(Christa, Amanda en Anelle maak hul handsakke oop en haal hul selfone uit. Christa en Amanda gee hul selfone vir Anelle.)

Piet (aan Beauty): Joune ook.

Beauty: Myne is in die kombuis... (Toe Piet die pistool op haar rig) Op die tafel ek het dit vandag hier vergeet ...

Piet (aan Anelle): Gaan haal dit en kom dadelik terug, anders skiet ek haar (beduie na Amanda).

(Anelle sit die selfone op die koffietafel. Af.)

(Christa reik na haar handsak. Piet swaai die rewolwer in haar rigting.)

Christa: Ek wil net my motor se sleutels kry ... my motor hier buite ... vat dit en maak dat jy wegkom ... toe, dis nou jou kans ...

(Anelle terug met Beauty se selfoon.)

(Piet neem die selfone en die sleutels. Prop die selfone in sy sakke. Staan nog.)

Christa: Toe waarvoor wag jy? Jy kan maklik wegkom. Hier is net die een kar ... en ons kan niemand laat weet nie ...

Piet: Eeee

Christa: Wat gaan aan? Hoekom staan jy nog?

Piet: Geld ... Ek moet geld hê...

(Christa, Anelle, Amanda en Beauty maak hul beursies leeg. Anelle gee die geld vir Piet wat dit ook in een van sy sakke prop. Piet bly nog staan en dink.)

Christa: Hier is niks meer om te aas nie.

Piet (aan Anelle): Tou... bring vir my tou ... fokken sterk tou...

Christa: Hoekom ons vasbind? Waarheen sal ons gaan? Die naaste plaas is meer as 20 kilometer ver ... en Fraserburg, meer as ‘n 100 kilometer.

Piet (kyk die vroue deeglik deur): Oukei, maar ek moet eers bel. Jy (wys na Anelle) gaan saam met my die koppie klim ... en as een van julle weg is as ons terugkom, skiet ek haar.

Amanda (afwerende gebaar, kreun): Nee.

Christa: Anelle was nog nooit op die koppie nie.

Amanda: Ja, ons het pas van Nieu-Seeland af hier aangekom.

Christa: Sy weet nie van waar af mens ‘n sein kan kry nie ... Ek sal saamgaan, maar ek dink nog steeds jy moet so gou as moontlik hier weg kom. (Praat vinnig) Ek weet nie wat jy gedoen het nie ... dalk ‘n bank beroof...

Piet (skrik): Ek móét eers bel.

Christa: Bankroof wat skeefgeloop het ... ek raai Fraserburg of Carnarvon ...

Piet: Sjarrup. Ek haat donnerse bitches wat nie hul bekke kan hou nie. En ek het jou al gesien. Het jy in die bank gewerk?

Christa: Nee, hoekom?

Piet: Jy lyk bekend...

Beauty: Christa Human is ‘n aktrise. Dalk het jy haar in ‘n sepie gesien...

Piet: Nee, ek is seker daarvan dit was een slag in die bank.

Christa: Ek was in die Fordsburg-reeks op die TV.

Piet: Ek kyk nie eintlik TV nie. Dit wás die bank... ek is fokken seker dit was die bank...jy moenie met my sukkel nie.

Christa: Piet, ek dink nog steeds jy moet so gou as moontlik hier wegkom ... vir jou eie veiligheid.

Piet: Hoe sal jy weet wat ek moet doen, Bitch? Hoekom is julle bitches almal so fokken eners. Weet altyd wat ons manne moet doen. Altyd.

Christa: Dis net...

Piet: Ons gaan EERS die koppie uitklim. Toe kom nou ...

Christa: Ek moet net eers skoene gaan aantrek...

Piet**:** Skoene? Daar lê jou skoene dan?

Christa: Mens kan nie daai klipkop met hoëhakke uitklim nie.

Piet (aan Anelle): Gaan haal haar skoene...

Christa: My stapskoene ... onder my bed.

(Anelle af)

Piet: Waar’s die voordeursleutel? (Kyk rond, vee oor sy gesig) donner, hier is geen diefwering nie ... maar ek het julle gewaarsku en ek waarsku julle bitches weer, as ons terugkom en iemand is weg, skiet ek haar (beduie na Christa)

(Anelle op met Christa se stapskoene. Christa trek hulle aan.)

Piet: Maak gou, ons het nie die hele donnerse dag tyd nie. En onthou, ek fokken speel nie.

(Piet en Christa af. Die drie oorblywende vroue staan asof versteen. Hulle

luister hoe die voetstappe dowwer en dowwer word. Uiteindelik is dit stil.)

Amanda: Dís waarom ek nooit wou terugkom nie.

Gordyn.

Tweede bedryf:

Later dieselfde dag. Dis nou reeds sterk skemer.

(Amanda loop op en af, Beauty luister by die deur. Anelle sit en teken.)

Amanda: Anelle, ek kan nie glo dat jy nou nog rustig kan sit en teken nie.

(Anelle lig die tekenblok op, wys vir haar ma en vir Beauty. Sy het vir Piet geteken.)

Amanda: O ...

Beauty: Sjoe, dankie, Anelle...

Anelle: As ons almal doo... iets oorkom, het die polisie darem ‘n leidraad.

Amanda: Waaraan jy ook nie dink nie.

(Beauty nog steeds by die deur. Luister. Anelle sit die tekening en haar juweelkissie in die geelhoutkis.)

Amanda: Voel vir my hulle is al lank reeds weg.

Beauty**: (**Kyk op haar horlosie) Seker so twintig minute.

Anelle: (Gaan luister ook by die deur.) Mens kan hulle glad nie meer hoor nie. Wat kan ons doen? Is die naaste plaas rerig 20 kilometer ver?

Beauty: Maklik ...Blerrie ver genoeg.

Anelle: Wat het Ouma-hulle gedink toe hullle hier kom bly het?

Amanda: Dit was nie altyd so nie. Toe ons kinders was, het ons nog op ‘n Saterdagmiddag oorgeloop en met die bure se kinders gaan speel.

Beauty: Ja, en jou pa het ons dan laatmiddag kom haal ... Dit was maar die laaste klompie jare dat almal so weggetrek het ... veral oor die droogte... Sjuut (Die ander twee is stil.) Ek dog ek hoor iets.

Anelle (gaan na haar ma): Mummy, is it really true that we never came back to South Africa because you were afraid of crime.

Amanda: The most important reason, yes, however air tickets to Cape Town are very expensive and, well, your father did not earn the salary he had in South Africa...

Anelle: (Ontsteld) We were better off here ... so dit het alles oor misdaad gegaan?

Amanda: Toe jy vier jaar oud was, was daar ‘n huisbraak ... ons rekenaars, TV, selfone ... nog hope ander goed is gesteel en jou pa is geskiet. Hy is twee keer geskiet ... in sy skouer en in sy been ... was ses weke in die hospitaal, want daar was komplikasies ...Ja, misdaad het ons uit die land gedryf ...

Anelle: Mummy, You never told me that ...

Amanda: Ek kon my kuns in Nieu-Seeland gebruik, maar jou pa kon nooit weer die tipe werk kry wat hy in Johannesburg gehad het nie. Hy was ‘n hoogbetaalde makelaar ...

Anelle: ‘n ... ‘n Makelaar?

Amanda: A broker ...

Anelle: And now he has a small dry cleaning business.

Amanda: ‘You are over qualified’, they said in work interviews and another refrain was: ‘You do not have the Kiwi experience’... En dis waarom hy nou die piepklein droogskoonmakery het ...om darem nie net met sy duime te speel nie.

Anelle: Ek het nie geweet julle sukkel nie.

Amanda: Ons het ons bes probeer om jou dieselfde geleenthede te gee as wat jy in Suid-Afrika sou gehad het.

Beauty: Sjuut... (hou haar hand op. Luister... Ontspan dan) Ek het net gedog ek hoor iets. Ai.

Anelle: Waar het julle die geld gekry vir dié air tickets Kaap toe?

Amanda: Christa het vir my gegee... geleen. En ek het gedog ek kan dit met my erfenis terugbetaal...

Anelle: Tannie Christa? Maar sy is freelance...

Amanda: Sy het lank in ‘n sepie gespeel en haar eenvrou shows doen ook goed.

Anelle: (Verstom) Tannie Christa het beter gedoen deur hier te bly as ons wat Nieu-Seeland toe is.

Amanda: Geldelik beter...

Beauty: Sy is famous. Almal weet van haar. Sju...uut. (Hou haar vinger voor haar lippe. Al drie luister.) Ek word nou bekommerd. (Sy kyk op haar horlosie.) Hulle is nou al meer as ‘n halfuur weg.

Anelle: Sê nou... sê nou hy het tannie Christa geskiet ...

Beauty: Ons sou die skoot gehoor het.

Amanda: Of haar van die koppie afgestamp? (Sy ril) En wat gaan hy met ons doen as hy terugkom? Ons moet ‘n plan maak...

Anelle: Wat van sout of suiker in die petroltenk? Ek het iewers gehoor dit breek die enjin.

Beauty: Maar ons wil hom weg hê... Al waaraan ek kan dink, is om agter die deur te staan en hom met iets... (sy kyk rond)... oor die kop te slaan as hy inkom.

Amanda: Hy... hy sal dink ons gaan so iets probeer ...

Anelle: Ek sal op die grond lê asof iets met my gebeur het ... en Mummy kan sê: ‘Help, sy het flou geval’... of so iets.

Beauty: Ja, dan sal hy vir julle dophou ... Dan kan ek hom pot. (Loop kombuis toe)

Amanda: Waar gaan jy?

Beauty: Iets haal om hom mee te slaan ...

(Beauty af.)

Anelle (luister by die voordeur. Skud haar kop.): Nog geen geluid nie... Absolutely no sound. Dit was erg om hulle te hoor, maar nog erger om niks te hoor nie.

Amanda: As hulle bo-op die koppie is, sal ons hulle in elk geval nie kan hoor nie.

Anelle (byt haar naels): Hoop nie hy doen iets aan tannie Christa nie.

Amanda: Christa kan soos ‘n tierwyfie veg.

Anelle: Maar hy is ‘n man ... en hy het ‘n... ‘n... pistol.

(Beauty op met ‘n dikboompan, gaan staan weer waar sy agter die deur sal wees as dit oopgemaak sou word.)

Anelle (Gaan lê op die mat): Hierso?

Amanda: Ja. Beauty?

Beauty: Skuif so ‘n bietjie na jou linkerkant (Anelle maak so) Nee, dalk ander kant toe. (Anelle gehoorsaam.) Amanda, ek is jammer dat ek jou ge-oordeel het. Het rerig gedink jy is net ongevoelig.

Amanda: Wat bedoel jy? Ek het nie geweet jy oordeel my nie?

Beauty: Dalk nie hardop nie, maar ai, ek het gedink dat jy niks vir jou ma of die plaas omgee nie.

Amanda: My eerste plig was teenoor my kind. Hoekom is dit vir dié familie so moeilik om te verstaan?

Beauty: Ja, ek verstaan nou. Ek wens net jy wou dit vir jou ma gesê het.

Amanda: Ek sou as sy nog by haar verstand was.

Beauty: Sy het alles verstaan. Tot op die einde ...alles, al kon sy nie praat nie. Sy kon mens se hand druk ... een vir ja, twee drukke vir nee.

Amanda: Ek het nie geweet nie... Maar Beauty, wanneer het sy dan besluit dat jy die plaas moet kry?

Beauty: Amanda, ek sou baie eerder geleerdheid wou hê soos jy en Christa. Jou ma was baie ... verlig ... vir daardie tyd. Sy wou my ook saam met julle koshuis toe gestuur het, maar in die negentigerjare was mense nog baie rassisties in die nabye dorpe. So na my pa en ma se dood het ek op die plaas aangebly en jou pa en ma gehelp terwyl julle ...

Amanda**:** Oukei, ja, ek weet jy het nie geleerdheid nie, maar die plaas ... ons erfplaas ...

Beauty: Die plaas was iets werd toe ons nog kinders was, maar nou... met die droogte en alles, niemand wil Bitterfontein hê nie.

(Amanda glo dit nie heeltemal nie, trek ‘n gesig)

Beauty: Dis die waarheid ... Wolffontein, hier langsaan, staan leeg ... Niemand het dit gekoop nie en die Van Zyls ...

Amanda: Op-die-berg se se Van Zyls?

Beauty: Die einste. Oom Apie-hulle het net hul goed gevat en getrek Ferreira...

Amanda (lyk of sy begin verstaan): So as ek en Christa die plaas ge-erf het, het ons in elk geval min... omtrent niks ... gehad nie...

Beauty: En julle wil nie boer nie ... En ek en Silas kan niks anders doen as om met skaap te werk nie ...

Amanda: Sjoe, Beauty ... maar hoe kan ‘n vrou wat net mens se hand kan druk ‘n testament opstel?

Beauty: Dit het jare gelede al gebeur ... kort nadat julle oorsee is...

Amanda (begryp uiteindelik,tranerig): So Ma het haar testament verander oor ons Nieu-Seeland toe is!?

Beauty: Jou ma wou die plaas vir Anelle laat erf, maar ná julle weg is, en Christa gesê het sy stel nie in die boerdery belang nie ... wel ... jou ma wou nie hê vreemde mense moet hier kom bly nie.

Amanda: Ek wens net iemand wou my sê...

Anelle: Sjuut ... (sit regop, hou haar hand omhoog. Al drie luister.) Ek het net gedink...gedog ek hoor iets ...

Beauty**:** Nee, dis nog stil.

Amanda: Christa het nooit vir my gesê sy kom gereeld plaas toe nie.

Beauty: Chris was ‘n ster, geen moeite te veel vir haar nie. Sy het gereël dat ‘n dokter die ou.. Ma kom besoek en een keer het sy vir my en Silas kom haal sodat ons haar show kon sien.

Amanda: Is Ma dan sommer net alleen gelos?

Beauty: Chris het ‘n nurse en dié se man hierheen aangery vir die naweek en vir my en Silas saamgeneem Kaap toe. Ons het haar show gesien en by haar oorgeslaap. Die volgende dag het ons by Seepunt op die promenade gaan stap, vis- en chips in Houtbaai geëet en toe het sy ons terug gebring plaas toe. En dis sy wat ook die sonplate laat opsit het sodat ons darem warm water kan hê. Ja-nee, Chris het verskriklik baie vir my en Silas gedoen ... en natuurlik vir jou ma ook...

(Skoot, vaag, ver weg.)

Beauty**:** Fokkit.

Anelle: Beauty is jy seker dit was ‘n skoot?

Beauty: Ja.

Amanda (beangs): Wat gaan ons doen?

Beauty: Bly by ons plan. Amanda skakel vir ons die ligte aan.

(Amanda doen dit.)

Anelle: (begin snik) Arme tannie Christa ... en daai skoot was eintlik vir my bedoel...

Amanda: Nee, dis nie ...

Beauty: Sjuut...

(Anelle probeer haar bes om sjuutjies te snik.)

Beauty: (fluister) Die bogger gaan nie hiermee wegkom nie. Amanda gaan sit daar by Anelle en voel aan haar voorkop asof sy nou net omgeval het.

Amanda (op haar knieë by Anelle): Ek was nooit ‘n goeie aktrise nie.

Beauty: Jy doen heel goed. Anelle, draai jou kop weg van die deur af.

Anelle: As Daddy net hier kon wees, sou hy geweet het wat om te doen.

Amanda: Hy wou nie saamkom nie, Anelle. Hy het gesê hy kom nooit weer terug nie. Nooit nie. Nie eens vir Ouma se... se verassing nie...

Anelle (sit regop, verontwaardig): Daddy dink dis te onveilig hier, maar hy laat toe dat ons kom. Alleen hierheen kom ...

Amand**a**: Christa het aanvaar dat ek en jy gaan kom en die kaartjies gekoop nog voordat ek iets gesê het,

Beauty (harder, verontwaardig): Was jou gevoelente oor die land so erg dat jy nie eens vir jou ma se begrafnis... verassing... hier wou wees nie?

Amanda (druk Anelle plat): Jy moet lê, Anelle, en Beauty, natuurlik wou ek kom, maar ek was nie so seker dat Anelle moet saamkom nie en Francois was vreeslik daarteen, maar Christa het my omgepraat. Sy het gesê Anelle moet weet waar sy vandaan kom en ...

Beauty: Ai, dis verkriklik dat sy grootgeword het sonder enige herinnering aan die plek waar haar voormense vandaan kom.

Amanda: Wat vir my verskriklik is, is hoe gou mens se lewe kan verander... van koers af kan swenk, soos nou, hier... Vanoggend by die verassing, selfs vanmiddag tydens die lees van die testament, was daar nog geen teken van iets ingrypends wat op ons wag nie...

Anelle (sit weer regop): Iets ingrypends ....Mummy ek wou nie nou al vir jou sê nie, maar ek en Christa het gisteraand gesels toe jy al gaan slaap het en sy het gesê sy sal my help..help om te doen wat ek ook al wil...

Amanda: Wat bedoel jy?

Anelle: Mummy, dis baie gaaf van jou en Daddy om soveel vir my te wil gee... universiteit en alles...

Amanda: Dis nie ‘n opoffering nie...

Anelle: Maar dis nie wat ek wil hê nie...Ek...ek het nog nooit ‘n duidelike idee gehad van wat ek wou doen nie en ja, ek het met julle planne vir my lewe saam gegaan, net omdat ek nie my eie planne gehad het nie, maar eergister op pad hierheen, in dié amazing landskap het ek geweet wat ek wil doen. Ek wil reis en nuwe mense en nuwe plekke sien en leer ken. Voel vir my of ek jare lank net halfpad wakker was en dié klippe, dié grond en die amazing warm son het my wakker geskud. ..Ek het nie ‘n compelling desire om ‘n artist te word nie, maar ek sal nie my tekenwerk afskeep nie ... ek sal dit gebruik waar ek ook al kom...en ek sal ander werk doen, waitressing, wat ook al, maar ek móét my eie ding doen, Mummy.

STILTE.

Amanda: Toe daai vark jou vandag vasgryp en die rewolwer teen jou kop druk, was dit skielik asof ek uit die huis in die helder son instap... daar was net die vlymskerp lig, alles anders was donker kolle ... onduidelik... My kind, ek het besef ... uiteindelik is alles: die plaas, die goue munte, my ideale vir jou soos skaduwees in die lig van die groter geheel ... verganklikheid, óns verganklikheid ... niks is so belangrik soos ons lewens nie... (Sy druk Anelle se skouer.)

Beauty (vinger op haar lippe): Sjuut.

(Voetstappe buite. Anelle lê weer, verder is die vroue doodstil, gespanne.)

(Die deur word oopgestamp. Dis donker buite.)

Piet (af): Kom staan julle al drie hier in die deur waar ek julle kan sien.

(Die vroue is nog ‘n sekonde of twee gevries. Beauty steek dan die pan agter ‘n naby meubelstuk weg. Sy gaan staan in die deur.)

Piet: (af.) Julle ook.

(Amanda staan op. Anelle kreun nog op die mat.)

Piet (af) : Jy daar op die mat ... jy ook.

Anelle (hou haar maag vas): Au, eina, eina...

Amanda: Sy is siek, maagpyn... Sommer omgeval ... flou geval ...

Piet: Fok, ek gee nie om nie. Kom staan hier in die deur.

(Anelle terwyl sy haar maag vashou en kreun, staan sy op en gaan ook deur toe.)

Piet (af): Waar is die ander bitch?

Amanda: Christa? Maar sy was mos saam met jou...

Piet: Die bitch het my gestamp ... Staan terug. Terug. (Piet op. Hy lyk nog meer gehawend as vroeër. En baie moeg. Hy is onfiks en die klim het hom uitgeput. Duidelik dat hy ook grond geëet het.)

Beauty: Waar is Chris?

Piet: Die bitch het my gestamp toe skiet ek ...

(Anelle snik. Amanda verskrik en Beauty lyk nie oortuig nie.)

Beauty: Nou hoekom soek jy haar dan hier?

Piet: Sy's weg... weg of dood ... En ek is nou vrek honger. Dis 'n moerse klim. (aan Anelle) gaan maak vir my sandwiches en ek soek water ... vir die pad ... maak gou...

(Anelle handewringend, snikkend af.)

Piet (aan Beauty wat ook saam met Anelle kombuis toe wou gaan): Nee, julle twee sit daar oorkant op die fokken bank.

(Amanda en Beauty gehoorsaam.)

Amanda: Waar het dit gebeur ... die stamp... enne...

Piet: Bo-op die koppie...

Beauty: Maar ek verstaan nie ... hoekom sou sy jou gestamp het?

Piet: Terwyl ek gebel het...

Beauty (staan op): Ek kan nie hier bly sit terwyl ons nie weet wat van Chris geword het nie. Ek gaan haar soek, oukei...

Piet (moeg): Jy bly net hier.

(Beauty steur haar nie aan hom nie. Trek ‘n laai van die kas oop. Haal ‘n flits uit. Stap deur toe.)

Piet: Fok, Meid, gaan sit daar oorkant op die bank.

Beauty: Meid? Ek is nie jou meid nie. Ek is niemand se meid nie. Nooit weer nie. Ek sweer dat niemand my ooit weer so sal noem nie, nie op die plaas nie, nie in die distrik nie, nie in die stad nie. Nêrens nie. Nooit ooit weer nie. HOOR jy my. My naam is Beauty. My van is Human... Beauty Human.

Piet: Sit of ek skiet.

Beauty (woedend): Chris gaan haar doodbloei ... Is dit wat jy wil hê? Iemand moet haar gaan help... Ek moet haar gaan help...

Piet: Ek sê: Sit daar .... daar oorkant ...op die rusbank...

(Beauty probeer by Piet verbykom. Hy keer haar. Sy slaan dan na hom met die flits. Hy klap haar met die pistool teen die kop.)

Beauty (hou haar kop vas): Ouch. Is jy heeltemaal gek, jou bliksem? Ek wil net vir Chris gaan help... Ek wil jóú ook help.... help om nie ‘n donnerse moordenaar te wees nie....

(Piet druk die pistool teen haar kop.)

Amanda: Beauty, moenie mal wees nie. Kom sit hier ... toe, ons kan Christa later gaan soek.

Piet (stamp Beauty): Nog een tree dan skiet ek....

(Beauty staan baie stil, hou nog steeds haar kop vas.)

Amanda (staan op en as Piet die pistool in haar rigting swaai): Ek wil haar help....om op die bank te kom sit....

(Piet, grom, staan weg, maar hou die pistool oorgehaal op hulle gerig)

Amanda (slaan haar arms om Beauty): Kom Beauty. (Sy lei haar na die bank en laat haar daarop sit-lê, fluister): Ons kan almal later gaan as hy weg is.

Beauty (nog swak van die hou): Wat as dit dan te laat is?

Piet: Niks hiervan is my fokken skuld nie ... Fok... Julle wil net nie luister nie.

Amanda: Die ding is: jy maak alles net erger en erger vir jouself ...

Piet: Sjarrup.

Amanda (hard, haar stem bewe nie meer nie): Eers het jy net hier ingestorm... toe die pistool ... toe neem jy vir Christa teen die koppie op, toe skiet jy haar en nou het jy amper vir Beauty ook...

Piet (swaai wild met die pistool): Sjarrup, sjarrup ...sjarrup

Beauty (nog steeds dronk in die kop): En ek wou jou help...sodat jy nie ‘n moordenaar is nie en jy het my gekeer, gedonder ...

Piet (radeloos): Fok, hou jou bek.

(Anelle op met die toebroodjies in ‘n plastiekbak en ‘n groot bottel water.)

Anelle: Tannie Christa.... Waar het jy haar gelos?

Piet: Fok julle almal. Julle kan fokkin bly wees ek skiet julle nie almal dood nie.

(Gryp die goed by Anelle.)

(Piet loop agteruit buitentoe, hou die pistool op hulle gerig. Klap dan die deur toe.)

Beauty: (meteens in beheer): Ek gaan vir Chris soek...

Amanda: Beauty jy kan nie alleen gaan nie. Ek sal saamgaan. Ek was al op die koppie – al was dit nou ook jare gelede.

Beauty: (beslis) Nee, jy en Anelle moet die fort hou. Sit alles reg – lap, Dettol, kookwater vir ingeval ...

(Daar is ‘n geswets –af – uitroepe ...skoot.)

Amanda, Anelle en Beauty vra byna gelyktydig:

Amanda: What?

Beauty: Wat?

Anelle: Oh, my God!

(Geluide vn ‘n gestamp en geveg, dan stilte. Die drie vroue staan asemloos en wag.

(Uiteindelik word die deur oopgemaak. Piet en Christa op. Piet loop voor en Christa kom agter hom ingeloop. Sy het ‘n pistool in Piet se rug gedruk. Sy lyk of sy geveg en op die grond beland het, maar Piet lyk baie meer gehawend as sy. Hy skud sy kop, bloed aan sy agterkop, dit lyk of sy bene enige oomblik onder hom gaan invou.)

Amanda: Christa.

Beauty: Chris!

Anelle: Oh, oh....

Christa: Piet, sit dáár ... plat op die grond ... en onthou ek het ‘n pistool op jou gerig (Piet gehoorsaam.) Beauty gaan haal tou, dat ons hom kan vasbind.

Piet: Ek kan ... ek kan niks doen nie, nie wegkom nie...

Christa: Ek gaan jou na die polisiekantoor neem, jou vark, en ek vertrou jou nie...

(Beauty af.)

Amanda (vee trane af): Hoe? Wat? Hoe het jy weggekom ...

Christa: Hom gestamp terwyl hy met sy boefpelle op my selfoon staan en praat het. Hulle het iets besteel of probeer besteel ... die polisie het hulle voorgelê... toe gaan sy pistool af... daar op die koppie ... ek dink hy het homself byna doodgeskiet en dit was al donker en ek het agter ‘n groot rots weggekruip .... Hy het my ‘n ruk lank staan en vloek en skel ... en die selfoon gesoek ... Toe hy weg is, het ek afgeklim en vir hom hier buite gewag met ‘n lekker groot klip... en gelukkig loop hy toe agteruit (lag) ...

(Beauty op met ‘n dikkerige tou. Sy gaan na Piet, kniel by hom en begin sy hande agter sy rug vasbind.)

Christa (vervolg): feitlik reg in die klip in ... en sy pistool het weer afgegaan... en hy was so opgefok dat ek dit net by hom afgeneem het....

Beauty: Dis my suster, daai!

Amanda: Amen .

Christa: My hele lewe lank speel ek toneel, ja, selfs in die regte lewe, ... ek moes alles uitdink om oukei te wees... my brein moes alles vir my uitklaar sodat ek sin kan maak... en toe skielik, daar bo-op die koppie.... ek het niks uitgedink nie, net instinktief gereageer ... ek kon my op geen manier vir dié rol voorberei nie ... geen woorde van buite te leer nie ... en ek was tog oukei, (Lag) ek is oukei...

(Amanda gee vir Christa ‘n drukkie)

Amanda: Christa, ek sal saamry, ek sal bestuur, dan kan jy die pistool op dié vark hou.

Christa: Die ding is, ons sal almal moet saamgaan, want die poephol het vir sy maatjies gesê waar hy is.

Anelle: Maar so, Christa, hoe gaan ons almal in die kar kom?

Christa: Maklik, die poephol word in die bak toegesluit.

Piet: Nee, nee, nee, ek kan nie, Julle kan nie...Nee, nee.. ek kan nie in so ‘n nou plekkie nie. Ek kan nie...kan nie asem haal nie. Dis... dis teen die wet...Julle kan wragtig nie.

(Die vroue lag.)

Christa: Ons kán. Kom julle, bring die broodjies. Ek is nou goed honger.

Anelle: Christa, jy is amazing.

Christa (glimlag): Ons vroumense was almal vandag amazing.

Almal af. Piet al protesterende.

Gordyn.